**<u>Verslag aan AJV 2015</u>**

Opleiding en kursusse - **AJ Burger**

Dankie aan die lede wat my die geleentheid gee om op die Raad te dien.

Dit is in die mens se natuur om te kompeteer en soms wonder 'n mens wat die dryfveer is en waaroor dit gaan. Of dit is om te wen of om jouself te toets binne die gedragskodes van die SA Boerperd gedragskodes. 'n Mens hoef nie noodwendig te wen om suksesvol te wees nie.

Die uitstaande eienskap van kompetisies is, dat jy beoordeel moet word. Die Raad het vanjaar 'n Beoordelaars seminaar te Parys aangebied vir senior beoordelaars. Beoordelaars is 'n elite span, belas met voorregte maar ook met pligte daaraan verbonde. Volhoubare seminare is noodsaaklik.

Hierin het die Raad goedgedink om 'n spesialis op persoonlikheidsontleding in te span met groot sukses. In die bespreking was dit duidelik dat brein voorkeur altyd van die bepalers van jou waarnemingsprosesse, besluite en optrede sal wees. Die dag te Afri-Dome was 'n groot sukses.

Voorts beplan die Raad 'n Junior Beoordelaars kursus by die Afri-Dome van 4-6 Oktober 2015. My opregte dank aan die here en dame wat bereid is om dit te kom aanbied.

Van die klubs het ook gedurende die jaar geslaagde kursusse aan gebied ook nog kursusse word beplan.

In die kompeterende wêreld bestaan die leuse "to finish is to win but every step on the way is a masterpiece".

Hiermee erkenning aan die beoordelaars wat vanjaar ons bedryf gedien het en so ons standaard voordurend verbeter.

AJ BURGER